Munisipaliteit
Municipality
Umasipala

Munisipale | Municipal

nuusbrief | newsletter

10 years | jaar | iminyaka

No. 4 | Desember/December 2010

In this issue

This special issue of the Swartland Municipal newsletter celebrates the Municipality's tenth anniversary and gives you a glimpse of the highlights and challenges of the past decade.

Bladsy 1

In die begin

Swartland Munisipaliteit het 'n lang pad gekom sedert hul begin tien jaar gelede. Lees meer oor hoe dit alles begin het en wat ons huidige uitvoerende burgemeester daaroor te sê het.

Page 3

Clean and green

From water and sewerage to waste disposal and other basic services, Civil Engineering has improved the lives of many Swartlanders over the past ten years.

Bladsy 5

Ons mense

Hulle is ewe tuis in die viswater van Yzerfontein as in die sakewêreld van Malmesbury. Swartland se mense het hierdie streek oor die afgelope dekade van krag tot krag laat gaan.

Page 8

A sparkling decade

During the past ten years, Swartland Municipality ensured that residents' electricity needs were met, and it is still serious about saving electricity, money and the earth.

''n Baie groot dankie aan almal'

Tijmen van Essen het sowat 'n jaar gelede die leisels by Minister Anton Bredell oorgeneem as uitvoerende burgemeester van Swartland Munisipaliteit. (Minister Bredell het op daardie stadium die Minister van Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning geword.) Minister Bredell het op sy beurt weer oorgeneem by Chris Goliath, Swartland Munisipaliteit se heel eerste uitvoerende burgemeester.

Mnr. van Essen is eenparig as uitvoerende burgemeester aangewys en sy kollegas en vriende ken hom as iemand wat vir ure aaneen met uitmuntende ywer en deursettingsvermoë kan werk. Een kollega beskryf hom as iemand wat altyd voorbereid en ingelig is oor munisipale sake sodat hy dit doeltreffend kan bestuur. Hy word ook beskryf as iemand wat sy beginsels sonder skroom uitleef en daarby volstaan. "Wanneer jy jou werk met plesier en geesdrif doen val alles vanselfsprekend in plek," sê hy. "Dit is vir my 'n voorreg en 'n eer om as burgemeester van Swartland Munisipaliteit op te tree."

Tydens sy begrotingsrede vir 2010/11 het hy die volgende gesê: "Dit is reeds 'n jaar gelede dat ek tot die pos van burgemeester verkies is, en ek moet u die versekering gee dat ek saam met my burgemeesters-komitee, munisipale bestuurder en die volle bestuurspan, alles in my vermoë doen om hierdie taak wat aan my opgelê is met groot omsigtigheid en verantwoordelikheid uit te voer.

"Vergun my weer eens die geleentheid om eerste my komitee en mederaadslede te bedank vir hulle bydrae. Ook 'n baie groot dankie aan die volle bestuurspan onder die bekwame leiding van ons munisipale bestuurder, Joggie Scholtz. Baie dankie julle!"



Aan die stuur: Swartland Munisipaliteit se uitvoerende burgemeester, Tijmen van Essen het sowat 18 maande gelede die leisels by die huidige Minister Anton Bredell oorgeneem.

Hartjie van die Swartland: Swartland Munisipaliteit se grense.

The dawn of a new day

After the municipal elections in 2000, local authorities in South Africa underwent a metamorphosis. The allocation of local authorities in terms of the Municipal Structures Act of 1998 saw the existing 136 municipalities in the Western Cape shrink to 31 municipalities.

Not only did Swartland Municipality have to encompass a bigger geographical area, Swartlanders also obtained the right to give input into the running of their district by means of their representatives on the municipal governing body.

Swartland Municipality has come a long way from being known as WC015 Municipality during that time. It has successfully faced various challenges and celebrated a multitude of successes and today – ten years later – it leads by example as a thriving Municipality!

Wie is Swartland se mense?

Swartland Munisipaliteit bedien 'n gebied wat strek oor 3 700 vierkante kilometer met 'n totale bevolking van omtrent 84 000 mense. Die munisipale distrik sluit Malmesbury, Moorreesburg, Abbotsdale, Riebeek-Wes, Riebeek-Kasteel, Darling, Yzerfontein, Koringberg, Chatsworth, Kalbaskraal en Riverlands in.

Sustainable development

Development Services is responsible for the sustainable development of Swartland Municipality. This entails three elements: environment, economy, and people. According to Johan Steenkamp, director: Development Services, it is the core of all the department's functions.

Beplanning en beheer is van uiterste belang

Alwyn Zaayman staan aan die hoof van stadsbeplanning, boubeheer en waardasies in Swartland Munisipaliteit se Ontwikkelingsdienste. Hy verduidelik dat alhoewel daar verskeie hoogtepunte en uitdagings in die departement was oor die afgelope tien jaar, die beplanning wat tydens hierdie dekade gedoen is nou ook vir die volgende tien tot 20 jaar van toepassing sal wees.

Een van die belangrikste elemente hiervan is die opstel van die kapitaalbydraebeleid vir groot ontwikkelings. "Daar is verskeie ontwikkelings, veral in die Malmesbury-gebied, wat heel moontlik teen aanstaande jaar goedgekeur kan word. As dit gebeur kan Malmesbury spesifiek van sowat 30 000 inwoners tot soveel as 90 000 inwoners groei," sê mnr. Zaayman.

Ook was Swartland Munisipaliteit een van die eerste munisipaliteite in die Wes-Kaap wat 'n Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk reeds in 2002 goedgekeur het. "Tydens die afgelope tien jaar het Swartland Munisipaliteit reeds baie groot ontwikkeling ervaar. Daar was goeie grondverkope en ons ontwikkel ook die Munisipaliteit se eie eiendomme." Voorbeelde van sulke groei is die Mount Royal-ontwikkeling en die Paradyskloof- en De Bron-ontwikkelings op Malmesbury en Moorreesburg onderskeidelik.

Wat boubeheer betref, hanteer die departement reeds vir die afgelope agt jaar alle aansoeke vir die hele Swartland Munisipaliteit se regsgebied. Mnr. Zaayman sê met trots dat alle verwante klagtes binne vyf dae terugvoering ontvang. Goedkeuring of terugvoering word ook binne 30 kalenderdae vir alle bouplanne gegee. Boubeheer neem ook nasionale erfenishulpbronne in ag en alle geboue ouer as 60 jaar word opgeknap.

Mnr. Zaayman meen die afdeling se sukses is ook grootliks te danke aan die Collaborator-werksvloeiprogram. Dit is 'n elektroniese program wat lang administratiewe prosesse grootliks uitskakel. "Administratiewe funksies is van groot belang want alles in ons departement is prosesgedrewe," sê mnr. Zaayman. "Die Collaborator-program help ongelooflik baie en daarom beplan ons ook om dit na die meestersplan uit te brei."

The people of Swartland

Community Development is a part of Swartland Municipality Development Services and focuses very strongly on the people of Swartland and their social development. Over the past ten years some of the highlights in this department included:

- Youth facilities
- Four multipurpose centres
- Sport fields
- Sport forums in each town
- Food security projects
- Small farmer development
- Street children initiatives
- Several shelters
- Several crèches
- A new primary and high school in Ilinge Lethu
- A swimming pool in Darling

Wat is Ontwikkelingsdienste?

Swartland Munisipaliteit se Ontwikkelingsdienste bestaan tans uit vier afdelings:

- Stadsbeplanning, boubeheer en waardasies
- Gemeenskapsontwikkeling
- Behuising
- Beroepsgesondheid en veiligheid

Izindlu kumntu wonke

UMasipala wase-Swartland ugunyaziswe, ngokomthetho, ukuba aphuhlise iindawo zokuhlala ezihlangeneyo nezizinzileyo ukulungiselela abahlali bakhe. Kodwa lo masipala wenza ngaphezu koko kufunekayo yaye kwiminyaka elishumi edlulileyo iSebe leeNkonzo zoPhuhliso libhiyozele izinto ezibalulekileyo.

Ulutsha kwinkqubo yezindlu

UMasipala wase-Swartland, ngentsebenziswano neSebe likaZwelonke lokuHlaliswa koLuntu kunye neBhunga likaZwelonke lokuBhaliswa kwaBakhi (National Home Builders Registration Council), uchonge le projekthi ukulinga iNkqubo yoLutsha kwiZindlu kwiNtshona Koloni.

Ukufundisa abaThengi ngeZindlu

UMasipala wase-Swartland, ngentsebenziswano neSebe lezeZindli kuZwelonke nelePhondo, baqalise umsebenzi wobambiswano ukuqinisekisa ukuba abathengi bezindlu bayawaqonda amalungelo noxanduva lwabo. Ukuza kuthi ga ngoku, bonke abaxhamla kubonelelo ngezindlu bazimasa iiseshoni zoqeqesho lwabathengi.

Ukufakelwa kwezifudumezi zamanzi ezisebenza ngemitha yelanga eDarling

Kufakelwe izifudumezi zamanzi ezisebenza ngemitha yelanga ezingama-540 zizonke kwiprojekthi yezindlu eDarling. Eli yayiliphulo leSebe lePhondo leMicimbi yokuSingqongileyo noPhuhliso, i-Arhente yoPhuhliso lwaMazwe ngaMazwe iDanish (International Development Agency) kunye noMasipala wase-Swartland.

Ezinye iinkcukacha ezibalulekileyo

- Kokhiwa izindlu ezingama-6 475 ezingaxabisi kakhulu kwingingqi yomasipala wase-Swartland kwisithuba seminyaka elishumi eyadlulayo.
- Kwaphuculwa indawo yaMatyotyombe ase-Sibanye.
- Kwaphuculwa indawo yaMatyotyombe ase-Pholla Park.
- Kwalinywa iqela lemithi kwiindawo ezohlukeneyo zamatyotyombe.
- Abahlali base-Chatsworth abachatshazelwa ziimpuphuma bafuduselwa kwiindawo ezomileyo.
- Kwaphuculwa iqela leeflethi.
- ISebe lezeZindlu kuMasipala wase-Swartland lifumene iamabhaso aliqela ngomsebenzi walo kwingingqi yalo masipala.

Isizathu sempumelelo

Ngokuka-Sylvester Arendse weSebe lezeZindlu, impumelelo yabo ingabalelwa kwimeko-bume yezopolitiko ezinzileyo, akukho kungenelela kwezopolitiko emsebenzini, abasebenzi abanolwazi nezakhono, i-arhente emisela imisebenzi yezindlu enolwazi nesebenza ngobuchule, kunye nokufundisa abathengi ngezezindlu.

Swartland Municipality is mandated, in terms of legislation, to develop integrated and sustainable human settlements for their residents. But it does more than simply what is required of it and during the past ten years the Development Services Department celebrated many exciting highlights. These include the Youth In Housing Programme; Housing Consumer Education; and the installation of Darling solar water heaters (as seen above).

‘Ons doen alles wat jy om jou sien’

Siviele Ingenieursdienste het reeds ’n reeks hoogtepunte oor die afgelope dekade ervaar, maar At Botha, Freddie Bruwer, Louis Zikman en Neville Quickfall stem saam dat die voorsiening van noodsaaklike dienste in Chatsworth, Abbotsdale, Riverlands en Kalbaskraal kop en skouers bo die ander uitstaan.

Wonderlike hoogtepunt

“Gedurende die afgelope tien jaar het ons water, riolering, vullisverwydering en ander basiese dienste aan Chatsworth, Abbotsdale, Riverlands and Kalbaskraal verskaf,” sê mnr. Botha, direkteur: Siviele Ingenieursdienste. “Dit is ongelooflik om te dink dat die mense in Chatsworth byvoorbeeld slegs 40 km van Kaapstad af woon en in die laaste 100 jaar nie eens van lopende water voorsien is nie.”

Groen, groener, groenste

Verder kan dié departement ook aanspraak maak daarop dat Malmesbury vir twee jaar opeenvolgend (2006/07 en 2007/08) as die skoonste dorp in die land aangewys is. Swartland-dorpe streef ook reeds ’n geruime tyd daarna om die groenste dorpe in Suid-Afrika te wees. Een manier hoe dit gedoen word, is die nuwe herwinningsigloos wat nou in al 11 dorpe pryk. Mnr. Bruwer verduidelik dat sowat 6 000 ton glas en blik en sowat 6 000 ton papier en plastiek per maand met behulp van hierdie igloos herwin word. “Swartlanders word ook nou gedurig deur plakkers op openbare asdromme en kennisgewingborde in elke dorp daaraan herinner om te herwin,” sê mnr. Bruwer.

Die pad na sukses: Toe Swartland Munisipaliteit in 2006/07 en 2007/08 as die skoonste dorp in die land bekroon is, het die destydse uitvoerende burgemeester, Anton Bredell (nou Minister van Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning) en munisipale bestuurder, Joggie Scholtz, dit gevier deur ’n happie “van die sypaadjie af” te eet.

Eendrag maak mag

Maar alhoewel die herwinnings-igloos eers in 2010 hul verskyning gemaak het, is Swartland Munisipaliteit lank reeds besig daarmee om groener te word. Die eerste stap was die ontwikkeling van die Highlands-vullisstortingsterrein in 1994 waarheen alle huishoudelike afval van die hele Swartland munisipale area geneem word. “Eers het elke dorp sy eie stortingsterrein gehad,” sê mnr. Bruwer. “Vandag is daar egter net een stortingsterrein waar alle huishoudelike afval van al 11 dorpe gesentraliseer en herwin word. Die herwinningsaanleg skep ook verskeie werksgeleenthede.” Hy voeg by dat die stortingsterrein sodoende baie beter bedryf word en dus nou meer as 30% per volume herwin.

Kortpad na sukses

Siviele Ingenieursdienste is ook verantwoordelik vir die paaie en, volgens mnr. Botha, het die departement ’n baie suksesvolle instandhoudingsprogram. “Dit kos ongeveer 17 keer minder om bestaande strate betyds te herstel as om dit oor te bou, en ons volg dus eerder daardie benadering.”

Siviele werke

Mnr. Zikman is in beheer van onder meer riolering en stormwater. Hy vertel dat, behalwe vir die ontwikkelinge in Chatsworth, Abbotsdale, Riverlands and Kalbaskraal, die afgelope dekade reeds ervaar het dat Darling ’n nuwe rioolaanleg gekry het en dat Malmesbury se geaktiveerde slykstelsel ook tans na ’n membraanstelsel opgegradeer word. “Hierdie is die eerste stelsel van sy soort wat op ’n plattelandse dorp opgerig word,” sê hy. “Dit neem baie minder grond in beslag en die biologiese reaktor kan ’n hoër slykmassa hanteer.”

Gesuiwerde rioolwater word ook aan landbouers en skole verkoop vir die besproeiing van landerye en sportgronde.

Beter en beter

Siviele Ingenieursdienste het die afgelope tien jaar ’n lang lys hoogtepunte bereik, maar volgens mnr. Botha lê hul sukses in iets wat hulle vandag nog steeds toepas. “Ons gee spesiale aandag aan alle klagtes. As iemand bel met ’n klagte, maak ons ’n afspraak met daardie persoon op die perseel waar die probleem is en ons probeer sover moontlik ’n sinvolle oplossing vind.” Hierdie persoonlike kontak met lede van die publiek voorsien ook waardevolle inligting om projekte vir die kapitaalbegroting te identifiseer.

For the people, by the people

Swartland Municipality has been voted the cleanest town twice in the past ten years, but have you ever wondered how Swartland manages to sparkle like this? The answer is you! The Swartland Municipality awards one-man contracts as part of a community-based project to keep the area clean. More than 40 Swartland residents are committed to keeping the areas in which they live clean by picking up waste in the streets and communal areas. They are then paid per bag of waste they pick up. The same principle applies to the sweeping of streets. At Botha, director: Civil Engineering Services, explains that the municipality previously used a street-sweeping machine. “We realised that 21 people could do the same amount of work for the same amount of money and we decided to create jobs instead.”

Hygienic flash fact

As little as about a century ago, London residents did not have a sewerage system and they simply dumped buckets of sewage out of their windows. It is believed that with the implementation of a proper sewerage system round about 1891, their life expectancy increased with about 35 years due to a decrease in E.coli-related diseases.

Waternood van ’n ander soort

Tot en met die bou van ’n retensiedam sowat ’n jaar gelede is baie huise in Chatsworth gedurende die reëntyd so erg oorstroom dat inwoners soms in vloedwater moes woon. Dit is as gevolg van die reënwater van omliggende plase wat alles deur die dorp vloei. Noudat die dam gebou is, vloei water geleidelik en heelwat stadiger deur die dorp en word dit tegnies beheer.

’n Helpende hand: Mildred Laubser (regs), ’n inwoner van Chatsworth, en haar kinders het hul bure gehelp om in 2008 vloedwater uit hul huise te skep.

Toe en nou

Coenie van Rensburg

Tien jaar, 'n dekade van hoogtepunte en uitdagings wat die heel beste saamgevat kan word in die staaltjies en stories van die Swartlanders! En wie beter om te vertel as Swartland Munisipaliteit se eerste munisipale bestuurder, Coenie van Rensburg?

Mnr. van Rensburg (of Oom Coenie soos sy destydse kollegas hom met deernis noem) was voorheen 'n stadsklerk in Moorreesburg en toe in Malmesbury. Hy het van 2000 tot 2005 die hef in die hand gehou en woon tans steeds op Malmesbury wat hy beskryf as "'n uitsonderlike dorp vol wonderlike mense".

Hy onthou nog die dag toe hy en sy familie in 1987 Malmesbury toe getrek het. "Weet jy, hier was net een enkele straat wat nie geteer was nie. Die gebied het toe reeds uitstekende dienste en goeie leierskap gehad."

Tydens sy vyf jaar as munisipale bestuurder sê Oom Coenie het hy baie nuwe ondervindinge, uitdagings en hoogtepunte beleef, maar die belangrikste vir hom was dat "baie goed netjies in plek geval het".

Van sy 31 jaar as munisipale beampte sê hy met 'n glimlag: "Kyk, enige werk het sy 'ups' en 'downs', maar ek het lekker gewerk! Swartland Munisipaliteit is geseën met uitstekende werknemers."

Joggie Scholtz

In 2006, ná Johan Steenkamp kortliks as waarnemende munisipale bestuurder opgetree het, het Joggie Scholtz die leisels oorgeneem. "Ek is baie dankbaar dat ek op daardie stadium in 'n reeds stabiele omgewing oorgeneem het," sê mnr. Scholtz. "Die uitdaging was dus net om van baie goed na steeds beter te gaan."

Hy glo dat sukses in balans lê en dat dit slegs deur dissipline teweeggebring kan word. "Ja, Swartland Munisipaliteit het tydens die afgelope vier jaar talle toekennings ontvang en natuurlik is dit altyd lekker om erkenning te kry, maar nog lekkerder is dit as die prestasie uit dissipline voortspruit."

Daarom het mnr. Scholtz 'n omvattende prestasiebeheerstelsel ontwikkel wat aan dienslewering gemeet word. "In Februarie 2006 was die wegblypersentasie van Munisipaliteit-personeel voor en na betaaldag sowat 7,8%. Dit is tans minder as 1%. Dit is die vrugte van dissipline."

Mnr. Scholtz het ook die prestasiebonusstelsel afgeskaf. "Ons ontvang mos almal markverwante salarisse juis om te presteer. Hoekom moet ons dan nog 'n 'bonus' ontvang om ons werk te doen?" Hy verduidelik dat hierdie besluit juis ook 'n prestasiekultuur daarstel omdat raadslede en direkteure innoverende aanwysers en teikens vir hulle stel en dit nastreef.

Mnr. Scholtz sê deesdae is dit vir hom baie lekkerder om befondsing van eksterne bronne af te kry as om toekennings te ontvang. Swartland Munisipaliteit het onlangs R17 miljoen en R13 miljoen onderskeidelik van eksterne bronne ontvang en mnr. Scholtz sê dit maak hom opgewonde om te weet hierdie geld kan vir belastingbetalers aangewend word.

"Ek geniet wat ek doen. Ek hou van adrenalien en raak verveeld as elke dag dieselfde is. Ek kan eerlikwaar sê daar is nooit 'n dag dat ek nie wil kom werk nie."

Partnerships for prosperity

The Prosperity Partnership Project started in April 2008 when a series of Climate Creation Workshops, Senior Leadership Workshops, Invocom® Skills Development Workshops and a Key Leadership Summit were held among municipal employees. This was done in order to develop and enhance leadership and communication skills and to create a workplace climate conducive to employee involvement through communication for commitment and innovation (Invocom®). Invocom® is an approach used to ensure that Swartland Municipality talks about the right things, involving the right people, at the right time and frequency, and in the right way.

Red die aarde: Swartland Munisipaliteit spog nou met kennisgewing-borde in elke dorp om mense daaraan te herinner om te herwin. Dit is deel van die Munisipaliteit se strewe dat Swartland die groenste dorpe in Suid-Afrika sal hê.

Soos 'n vis in water

Yzerfontein se vismark is in 2004 gebou en diegene in die visbedryf noem dit "'n groot verbetering". Dit is 'n streeksfasiliteit en nie gerig op toerisme nie, maar wel op die visbedryf sover as Kaapstad se hawe. Volgens Johan Steenkamp, direkteur: Ontwikkelingsdienste, word daar ook tans omliggende nywerheidserwe vir visverwante nywerhede beplan.

Stywe lyne: Swartland se vissermanne durf die water aan.

The story of Chatsworth

It's a hot day. The sun beats down on a small group of municipal employees as they stand among the bushes of the Swartland. And then they hear the sound of a donkey cart as it makes its way as if from nowhere to the small town. It's loaded with water buckets but, as it drives along, most of the water spills into the dry earth. Nonetheless, people are eager to see its arrival and start taking out their money to pay for the small amounts of water they are able to buy.

This is the scene Coenie van Rensburg, municipal manager until 2005, remembers from his first visit to Chatsworth. "I couldn't believe my eyes! These people had nothing; no water, no electricity, no roads, no toilets."

Today, ten years later, visitors to Chatsworth, Abbotsdale, Kalbaskraal and Riverlands are met by a completely different picture. Residents have houses, streets, water, electricity, sewerage works and enjoy improved living conditions. And although improvement of each of these towns is equally important, it is the history of Chatsworth particularly that grabs the public interest.

It is said that Chatsworth was originally formed when a pastor from the AME church in America first came there and started a church. It was proclaimed as a town without development conditions by the then Cape Government in the 1800s. This meant that the installation of services such as a sewerage system, water system and road network was not the responsibility of the Cape Government but rather of the local authority at the time, the Malmesbury Divisional Council.

Although at the time there were no roads and mostly just sand, the town consisted of about 1 300 erven and a developer managed to sell about 100 of these to overseas people after he had misled them into believing that they were buying Cape Town properties. These buyers took transfer of the erven but most of them never settled in Chatsworth and over time their home addresses were lost. These properties became known as "black dot erven" as their locations were nothing more than black dots on a map.

During the 1980s, Korjon Properties bought the town as a whole, except for the black dot erven, from an undisclosed seller. At this point the Municipality did not own any land in Chatsworth and without land it could not develop a housing scheme for the homeless people in Chatsworth. It attempted to negotiate buying some of the Korjon properties with its owner Mr L Korte but he was unwilling to lower his price and the Housing Board simply did not have the budget to meet his selling price.

However, it was then discovered that because the addresses of the owners of the black dot erven had been lost, they were never requested to pay their outstanding rates and taxes (some of which had added up over 100 years) and that the erven could be sold at an auction. Swartland Municipality then bought these properties and today this is where the Chatsworth Housing Project is currently being established. Today this little town not only has water, electricity, a sewerage system and tarred roads but the children of Chatsworth, Abbotsdale, Kalbaskraal and Riverlands can also play in the parks near their homes.

And the prize goes to...

Swartland Municipality received numerous prizes and awards during the past decade, including the following:

- 2001 – Caltex Cape Times Award – Best-managed landfill site in South Africa
- 2002 – Institute of Housing (Western Cape) – Local Authority of the Year
- 2002 – Institute of Housing (National) – Local Authority of the Year
- 2002 – Impumelelo Award – Saamstaan Housing Project
- 2006/07 – Vuna Award for Local Economic Development (Provincial and National) – Municipal Service Excellence
- 2007/08 – Vuna Award Overall Winner (Provincial and National) – Municipal Service Excellence
- 2006/07 – Cleanest Town Overall Winner (Provincial and National)
- 2007/08 – Cleanest Town Overall Winner (Provincial and National)

What do we value?

A value system for Swartland Municipality was developed by employees for employees. These values form part of the organisational culture and climate necessary for exceptional service delivery. The values are:

- Mutual respect
- Positive attitude
- Honesty and integrity
- Self-discipline
- Solidarity and commitment
- Support
- Working in harmony

‘Ons fokus op ons mense’

Vanuit die staanspoor was dit duidelik dat Swartland Munisipaliteit op Swartlanders sal konsentreer. Só het die Munisipaliteit dan ook in 2000 afgeskop met die verspreiding van ’n nuusbrief en deur ’n kompetisie van stapel te stuur om ’n logo te kry wat die mense van die gebied sou verteenwoordig. Die vereistes was dat dit al die gebiede van die Swartland, elk met sy eie unieke eienskappe, en die Swartland-gebied as ’n plek van groei en ontwikkeling moes uitbeeld.

Vandag, ’n dekade later, konsentreer die Munisipaliteit steeds eerste op sy mense met behulp van gereelde kommunikasie deur onder meer kwartaallikse nuusbriewe, ’n webtuiste en ’n wykskomiteestelsel.

Die Munisipaliteit se fokus lê egter nie slegs tuis nie. Deur middel van verskeie projekte reik Swartland ook uit na buite, selfs sover as Duitsland. Die “twinning”-ooreenkoms met Sachsen-Anhalt is reeds in sy vierde jaar en elke jaar kry ’n voorheenbenadeelde uitruilstudent die wonderlike geleentheid om Duitsland te besoek. Só besoek Duitse studente dan ook die Swartland en kom doen hulle waardevolle werksondervinding hier op. Swartland-leerders kry ook hulle beurt deur die Kiez Eurokamp in Duitsland by te woon.

Die Sondeza-jeugkamp, in vennootskap met Absa, is ook reeds in sy sewende jaar en is ’n groot sukses. Die resultaat hiervan is dan ook dat Absa ’n studiebeurs aan een van hierdie leerders gee. Nog ’n suksesstorie vanuit die Swartland-jeug is die Junior Stadsraad wat in 2007 gestig is. Hierdie forum bied ’n geleentheid vir die jeug om hulle te bemagtig en sodoende verskeie projekte vir die bevordering van die jeug van stapel te stuur. Hulle is immers ons toekoms!

Die kreatiewe proses: Verskeie voorstelle van die publiek is gekombineer om Swartland Munisipaliteit se uiteindelike logo te vorm.

Abemi base-Swartland batyhile kwelinye iphepha

Ukutyhila iphepha: Ithala leencwadi lokuqala elihlangeneyo nelikumbindi wommandla wase-Swartland lavulwa eMoorreesburg ngo-2004

Abemi base-Swartland bayakuthanda ukufunda! Oku kuyacaca ngolwazi lokuba kubolekwa iincwadi ezingaphezu kwama-43 000 kumathala eencwadi ase-Swartland rhoqo ngenyanga. Kule minyaka imbalwa idlulileyo kubonakele uphuculo olumandla kumathala eencwadi ase-Swartland yaye namhlanje ngamathala eencwadi angekho ngaphantsi kwesine anezibonelelo ze-intanethi. Kwenziwa imbali xa kwakuvulwa ithala leencwadi lokuqala elihlangeneyo nelisembindini kummandla we-Moorreesburg ngo-2004 kutshintshwa amaziko amabini asele echo nayefudula esohlula uluntu ekuhlaleni. Kutsha nje kusandula ukuvulwa ithala leencwadi elikwikhonteyina eChatsworth.

More than 43 000 books are borrowed from Swartland municipalities every month and this bears testimony to Swartlanders’ love of books and reading. In order to accommodate this love, Swartland Municipality has improved local libraries tremendously over the past ten years.

Tien jaar van omgee

Hoe herdenk Swartland Munisipaliteit tien suksesvolle jare? Uit diepe dankbaarheid teenoor almal – veral die kliënte – wat gehelp het om van die Munisipaliteit ’n toonaangewende plaaslike owerheid te maak. Daarom het die Munisipaliteit die CHOMP (Christus help ons met probleme)-projek van stapel gestuur as deel van sy uitreikingsprojekte onder die tema “Ons gee om!”.

Die eerste uitreik het op 3 Desember 2010 plaasgevind toe die Munisipaliteit aan Graad R, 1 en 2 leerders (4 524) by alle geregistreerde Swartland-skole ’n pakkie met onder meer ’n Chomp-sjokolade, stokkielekker en ’n boekmerk gegee het.

Die CHOMP-projek word moontlik gemaak deur elke Swartland Munisipale amptenaar wat ’n finansiële bydrae gemaak het of tyd bestee het om pakkies op te maak. Hulle het werklik hul harte oopgemaak en die gees van Kersfees aangegryp!

Mense maak die verskil

Swartland Munisipaliteit het tans 547 permanente werknemers en net soos nou, is hulle reeds vir die afgelope dekade die belangrikste bate van die Munisipaliteit. Vir elke werknemer is daar hul eie pasgemaakte vaardigheidsontwikkelingsplan om in hul opleidingsbehoeftes te voorsien.

Werknemers het ook hul eie nuusbrief wat verseker dat hulle deel is van die Munisipaliteit se waardestelsel en leierskapsfilosofie. Dit word verder bevorder deur die Invocom® kommunikasiemetode wat op alle vlakke toegepas word.

Madelaine Terblanche, direkteur: Korporatiewe Dienste, verduidelik dat die vennootskap tussen die Munisipaliteit en sy werknemers duidelik gesien kan word in die sukses van die geen verdraagsaamheid vir bedrog- en korrupsieplan. “Ons waardes word daadwerklik deur ons aksies gerugsteun!”

Setting the record straight

Collaborator is an electronic document management system used for the integrated administration of more than 3 500 documents received by Swartland Municipality every month. It is also used to measure the performance of the Municipality’s departments by monitoring all communication and handling enquiries.

Die Swartland-geldkoffers

Elsabé van der Merwe werk reeds die afgelope 33 jaar met munisipale finansies en as daar een ding is wat sy weet oor die laaste tien jaar van Swartland Munisipaliteit se geldkoffers, is dit dat die hantering van inkomste met 'n ysterhand geskied. Met die samesmelting van die dorpe se inkomste 'n dekade gelede is daar reeds besluit om 'n deurlopende diens aan Swartlanders te lewer wat kontinuïteit by elke gebruikspunt verseker.

Hierdie besluit maak 'n geweldige groot impak op die Munisipaliteit se finansies en daar is tans 52 vendorpunte waar rekeninge betaal kan word. Sommige van hierdie punte is selfs 24 uur 'n dag oop en Swartland inwoners kan selfs hulle rekeninge elektronies of met behulp van debietorders betaal.

'n Kredietbeheerafdeling is ook gestig om die invordering van geld te vergemaklik.

Verbeterde werksvloei

Die nuwe Collaborator- elektroniese werksvloeiprogram het ook deur beter werksvloei soveel as 'n 300% toename in inkomste, ten opsigte van bv. rioolsuigpompings, teweeggebring. Me. van der Merwe verduidelik dat strokies byvoorbeeld nou nie meer verlore kan gaan en fakture gevolglik nie uitgereik word nie. "Nou kan 'n kliënt net bel, die nodige diens word bespreek en op die stelsel gelaai en dan word 'n faktuur vanselfsprekend geskep." Die verkoop van elektrisiteitseenhede by vendorpunte beteken ook dat Swartland Munisipaliteit presies weet hoeveel krageenhede verkoop is. Ongeveer 45 000 kwitansies word per maand uitgereik, wat sowat 1 500 kwitansies per dag beloop.

Diens is die wagwoord

"Ons hoofdoel is om goeie diens te lewer. Elkeen word dieselfde behandel en ons spits ons toe op uitstekende kliënte-diens," sê me. Van der Merwe. "Daarom dra ons ook elkeen 'n naambordjie," sê sy met 'n glimlag.

Ezemali eluntwini ngobuntu

Ngomhla woku-1 Novemba 2000, uLinda du Toit waqala kwikhondo lakhe lomsebenzi kwiSebe leeNkonzo zeMali kuLawulo lwaMatyala. "Kwakwenza ihlombe, yonk'into intsha," utsho.

"Kodwa kwishumi leminyaka edlulileyo eli sebe liye lakhula kakhulu. Sisebenzisa inkqubo yokuzenzela ngokwethu buqu, ngokukodwa kwiinkxaso-mali nakwinkqubo yokuqokelela amatyala." Uchaze ukuba amagosa oMasipala athi andwendwele abahlali base-Swartland abasemva kwiintlawulo zabo yaye ngalo ndlela banakho ukufumanisa ukuba ngubani odinga inkxaso-mali ze bazicime kwabo bangasenalungelo lokuzifumana.

UNkszn. du Toit uthi ngenxa yenkqubo ephuculweyo yokuqokelela amatyala, iphucuke ngamandla nendlela yokungena kwemali kulo Masipala kuba akusekho mfuneko yokuhlawula iindleko ezinkulu zomthetho.

"Sigxile ekuziseni iiNkonzo zeMali eluntwini," utsho uNkszn. du Toit. "Umzekelo oku sikwenza ngokuthi icandelo lokuQokelelwa kwaMatyala liphume liye kwiindawo zenkamkam ngeeNtsuku ze-Allpay nokusebenzisana ngqo neeprojekthi zezindlu, ukuqinisekisa ukuba abo bafuna inkxaso-mali bayayifumana."

Nangona kunjalo, ukhankanye ukuba eli sebe alikholelwa ekuphiseni yaye endaweni yoko lizama ukufundisa abantu ngokubaluleka kokumelana neembophelelo/noxanduva lwabo kuMasipala.

"Ngokwezoqoqosho oku kuthathe iminyaka elishumi enemingeni," utsho uNkszn. du Toit. "Kodwa lilungelo elilodwa ukusebenza apha yaye ndisawuthanda kakhulu umsebenzi wam. Ndinceda abantu ndokhe nobudlelwane obokuthembekileyo. Ndilindele eminye iminyaka elishumi ezayo!"

The Swartland Municipality Financial Services Department has grown from strength to strength during the past decade and their focus has always remained on the people of Swartland. Linda du Toit tells more about the work of the Credit Control department.

Hoe doen ons dit?

Kenny Cooper, direkteur: Finansiële Dienste, sê die sukses van sy departement kan aan die volgende toegeskryf word:

- Toegewyde amptenare met 'n sin vir finansiële dissipline.
- Elke straat en huis in Swartland is duidelik gemerk. Dit maak persoonlike besoeke en aflewering van posstukke baie makliker.
- Die Collaborator-elektroniese insidenteprogram maak alle prosesse deursigtig, regverdig en eenvoudig. "Want die kliënt is koning," sê mnr. Cooper.
- Vir die meerderheid van die afgelope tien jaar het die Munisipaliteit 'n ongekwalifiseerde oudit wat beteken dat finansiële beheer baie streng toegepas word.
- Die verlofstelsel is twee jaar gelede aan die Collaborator stelsel gekoppel en die teenwoordigheid van voltydse raadslede en amptenare op kantoor word gemonitor met die biometriese bywoningstelsel.

Lowest debt in SA

"Swartland Municipality has never had a bank overdraft!" So says Kenny Cooper, director: Financial Services. He explains that the Municipality also has very few external loans and that capital projects to the value of millions of rands were undertaken during the past ten years due to land development. These included the development of various residential properties in Malmesbury (Die Wingerd, Tafelzicht, Westbank Extention 12), in Darling (adjacent to the golf course) and in Riebeek West. Erven for first time home owners were also developed in Malmesbury and in Abbotsdale. The proceeds from these developments were used to fund further capital projects in the Swartland.

Service is the key

The Swartland Municipality Client Services Charter was published and distributed to Swartlanders this year. At Swartland Municipality, excellent service entails much more than lip service and these services bear witness to the Municipality's willingness to satisfy the service delivery needs of all Swartlanders. The Charter was compiled in consultation with rate payers, interested parties and Swartland Municipality staff members and will continue to serve as a measurement of the Municipality's performance in the future.

A sparkling decade for electricity

"Some of the most noteworthy highlights over the past ten years have undoubtedly been our successful training of artisans; our upgrading of network capacity and network expansion even during difficult times." So says Roelof du Toit, director: Electrical Engineering Services.

Mr du Toit explains that with financial and technical assistance from the Provincial Government, practical and theoretical training was offered to electricity workers in order to enable them to qualify as electricians. Consequently, departmental posts that required scarce skills could be filled successfully.

Despite severe national electricity supply constraints, a project to increase the electricity supply to Malmesbury was negotiated with Eskom. "This was done to allow planned developments to proceed," says Mr du Toit. "The project comprises a new primary substation with regional substations and networks to cater for residential and commercial developments to the north of the town." This project will also allow for transfer of load from existing networks, and capacity will thereby also be made available for proposed residential and industrial developments south of Malmesbury.

Other highlights include:

- the successful completion of several electrification projects for new low-cost houses utilising appropriate technology;
- the refurbishment of obsolete and dangerous electrical switchgear – Swartland Municipality is one of few municipalities that allocates a sufficient budget for this;
- new incoming power supplies to Moorreesburg and Yzerfontein to make provision for load growth;
- the commissioning of a load management system in Malmesbury;
- the planning of a new substation and new connection from Eskom in North East Malmesbury; and
- the installation of numerous streetlights throughout the Swartland area, including those areas where Eskom is the supply authority.

Spaar elektrisiteit, spaar die aarde

Gedurende die afgelope dekade het dit duidelik geword dat elektrisiteit al hoe duurder gaan word namate energiebronne skaarser word en aanvraag toeneem. Swartland Munisipaliteit ondersteun energiebesparing en het maatreëls geïmplementeer om energiebesparing te bewerkstellig.

Ten spyte van Eskom se onlangse hoë prysverhogings, was Swartland Munisipaliteit se prysverhogings relatief laer omdat die Munisipaliteit 'n deel van die verhogings tot voordeel van verbruikers kon absorbeer.

Swartland Munisipaliteit het ook maatreëls ingestel om elektrisiteitsverbruik te verminder.

- Besparingswenke is aan alle inwoners uitgereik;
- Nuwe woonhuise (wat aan sekere vereistes voldoen) moet sonwaterverwarmers en energiebesparende verligting gebruik;
- Kostedoeltreffende energiebesparende ligte word gebruik vir alle nuwe straatligte en waar bestaande straatligte vervang word;
- 'n Lasbeheerstelsel word in Malmesbury en Moorreesburg gebruik; en
- Aansoeke vir projekte vir die opwekking van elektrisiteit deur middel van hernubare opwekkingsmetodes soos met windturbines word gunstig oorweeg deur die Munisipaliteit.

Ons beskerm jou krag en geld

"Ongeveer R4 miljard word jaarliks in Suid-Afrika afgeskryf as gevolg van elektrisiteitsdiefstal," sê Roelof du Toit, direkteur: Elektriese Ingenieursdienste. "Dit is hoekom Swartland Munisipaliteit daarmee erns maak."

Mnr. du Toit verduidelik dat verbruikersprofiele reeds 'n geruime tyd volgens statistiese metodes gemonitor word en dat verdagte meters vervolgens ondersoek word. Foutiewe meters kan vinnig herstel word en, indien daar elektrisiteitsverliese is omdat 'n verbruiker met die meter gepeuter het, word die elektrisiteit afgesny en die verbruiker word met 'n boete belas. "Hierdie metodes is baie doeltreffend en sodoende word verhoed dat diegene wat wel vir elektrisiteit betaal, ander moet subsidieer."

Nie-tegniese elektrisiteitsverliese is reeds met omtrent 1% in die Swartland verminder en sodoende word omtrent R630 000 per jaar bespaar.

Keeping you safe

Swartland is the only B Municipality in South Africa which has a municipal police service. And, according to Philip Humphreys, director: Protection Services, this service has done particularly well since its inception in 2002.

This department also has a dog unit with four dogs which are used for narcotics detection. Furthermore, Protection Services includes the policing of traffic, crime prevention, responding to fires, and the enforcement of municipal bylaws. The team originally started with just 15 people but today consists of 43 dedicated employees making it the biggest of its kind on local government level.

Man's best friend: Constable Neil Africa and his K9 companion, Jessy.

"We are doing very well," says Mr Humphreys. "Although we do not actually launch crime investigations, we act as foot soldiers and we fit in well with the plans of the South African Police Service."

Contact us

Swartland Municipality's head offices are located in Church Street, Malmesbury. Our office hours are:

Mondays to Thursdays:

8:00 - 13:00, 13:45 - 17:00

Fridays:

8:00 - 13:00, 13:45 - 15:45

Visit us or direct all enquiries through one of the following channels:

Postal address:
Private Bag X52,
Malmesbury 7299

Tel: 022 487 9400

Fax: 022 487 9440

E-mail: swartlandmun@swartland.org.za

Other useful contacts

Emergencies during office hours:
022 487 9400

Emergencies after hours: 022 487 6479

Ombudsman: ombudsman@swartland.org.za
or 022 487 9448

Swartland Tourism: 022 487 2989 or
swartland@cornergate.com